Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

## NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS HUISTAAL V2
# MEMORANDUM

**PUNTE: 30**

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS

NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP: RIGLYNE

1. Geen penalisering van SPEL- EN TAALFOUTE nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet ŉ sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien ŉ antwoord van ŉ ander taal in ŉ antwoord gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal, bv. E (ENGELS)/X (XHOSA) bo-aan die woord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
6. Indien die vraag EEN WOORD vra en die woord is uitgelig (onderstreep/tussen aanhalingstekens) word die punt toegeken.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE)
   - ➢ EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd (1)
   - ➢ Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd (0)
   - ➢ Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK (0)
8. Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.

**SAMEVATTEND**

- ✓ Spel en taalfoute word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- ✓ Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- ✓ Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- ✓ Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- ✓ Wanneer twee of drie punte/feite vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien**.
- ✓ Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde sinvol is, word die leerder nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- ✓ Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

## VRAAG 1

1.1 Die skryfster is teen alle vorme van lyfstraf gekant. (1)

1.2 Dit was a.g.v. die voorvalle waar onderwysers gewelddadig deur leerders aangerand is. (1)

1.3
- Elke persoon se menswaardigheid moet gerespekteer en beskerm word.
- Elke mens is vry van alle vorme van geweld.
- Jy het die reg om teen mishandeling en vernedering beskerm te word. (3 x 1) (3)

1.4 Ja. Daar is navorsing gedoen wat bewys dat sommige skole (50%) steeds lyfstraf toepas. (2 x 1) (2)

1.5
- Persone ten gunste van lyfstraf meen dit sal dissipline terugbring na skole.
- Daar sal minder gewelddadige voorvalle by skole wees.
- Daar sal wet en orde in die gemeenskap wees.
- Sommige onderwysers sien lyfstraf as ’n geneesmiddel om die gesag van die onderwyser te herstel. **(Enige 2 feite)** (2 x 1) (2)

- Teenstanders van lyfstraf is van mening dat ander vorme van lyfstraf toegepas kan word, onder andere, tydelike skorsing, tuinwerk by die skool of afkeuring van aansoeke.
- Kinders wat aan lyfstraf blootgestel is, sal as volwassenes ook geweld gebruik.
- Lyfstraf leer kinders dat geweld ’n aanvaarbare manier is om probleme op te los. **(Enige 2 feite)** (2 x 1) (2)

1.6 Ja. Ouers stel soms nie ’n goeie voorbeeld vir hul kinders nie en dit lei tot dissiplinêre probleme.

**OF**

Nee. Baie ouers is nog in staat om hul kinders te dissiplineer.
(Ken EEN punt toe vir JA of NEE en EEN punt vir die rede. Indien slegs JA of NEE word GEEN punte toegeken nie.) (2 x 1) (2)

1.7 Childline
Die Menseregtekommissie (2 x 1) (2)

1.8 Op hierdie dag word daar aandag gegee aan aspekte van ons nasionale erfenis. (1)

1.9 Staatsamptenare wat veronderstel is om rolmodelle te wees of die voorbeeld te stel, minag wette en gesag en is dus nie die persone na wie daar opgesien word nie.

**OF**

Hulle is nie werklik rolmodelle vir leerders nie as gevolg van dit wat hulle doen. (2 x 1) (2)

1.10 Mening. Die skryfster gebruik die woord “waarskynlik” wat op ŉ moontlikheid dui.

**OF**

Alhoewel daar navorsing gedoen is, is daar nie statistieke beskikbaar om dit as geloofwaardig te bewys nie. (2 x 1) (2)

1.11 “mnr. Humeur” het gou kwaad geword. / Hy het ŉ kort humeur gehad.
“mej. Geïrriteerd” het lyfstraf toegepas omdat leerders met Wiskunde gesukkel het, of sy het eenvoudig nie van hulle gehou nie. (2 x 1) (2)

1.12 ŉ Pak slae is nie ŉ oplossing vir dissiplinêre probleme nie. (1)

1.13 Leerders se antwoorde mag verskil.
Moontlike antwoorde:
Ouers kan voorregte van hul kinders wegneem, onder andere, selfone, televisie kyk, sakgeld, naweke uitgaan, ens.
Takies binne en buite die huis te doen, ens. (2 x 1) (2)
**[25]**

**AFDELING B: OPSOMMING** (Assesseer uit 10 en verwerk na 5)

**VRAAG 2**

Die opsomming word TWEE KEER gelees:
- vir feite en taalfoute.
- vir onvolledige sinne.

**TWEE STELLE ANTWOORDE WORD AANGEBIED**
- Onderskei tussen beplanning en die finale antwoord en sien laasgenoemde na.
- Waar daar geen aanduiding van beplanning is nie, word die eerste stel nagesien.
- Beskou 'n aanbieding in potlood as beplanning.

**FEITE:**
- Sien eerste sewe inhoudelik na, al is die sinne in paragraafvorm.
- Assesseer net EEN feit per sin.
- 1 punt vir elke verstaanbare feit **soos in die memorandum**.
- As die betekenis van die feit nie sinvol oorgedra word nie, word die punt nie toegeken nie. (Die afwesigheid van die werkwoord is belangrik).
- Indien al die feite verkeerd is, kry die kandidaat geen punt vir taal nie, maar indien die aantal woorde korrek aangedui is, ken 1 punt toe.
- Die hoofgedagtes hoef nie in volgorde te wees nie.
- **TYDELIKE TOEGEWING:** Indien die opsomming in paragraafvorm aangebied word, word die eerste sewe sinne nagesien.
- Regmerkie bokant elke hoofgedagte per sin word nagesien.

- Punte word soos volg toegeken vir :
  - ✓ 7 punte vir 7 feite
  - ✓ 3 punte vir taal

Penaliseer soos volg:
- ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs **5 ekstra woorde** toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer.**
- ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die verskeie inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**

- ❖ **Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie):** trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:

  - ❖ 0 – 4 foute: geen penalisering
  - ❖ 5 – 10 foute: trek 1 punt af
  - ❖ 11 – 15 foute: trek 2 punte af
  - ❖ 16 foute of meer: trek 3 punte af.

Kopiereg voorbehou 

- **Vir direkte aanhalings van volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:

- 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
- 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
- 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
- Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik, indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of, indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

**LET WEL:** Kandidate mag nie **afkortings** in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**TIPIESE TAALFOUTE**

- Woordorde in enkelvoudige sin (Bv. O/werp + ww + V/werp)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse en plek
- Ontkennende vorm
- Voornaamwoorde
- Vreemde woorde
- Direkte vertaling **(moedertaalinvloed)**
- Telegramstyl / onvoltooide sinne

**LENGTE**

- Tel die aantal woorde en haal enige deel meer as 70 woorde deur.
- 1 punt vir korrekte getal woorde gebruik EN so aangedui.

| **NEERSKRYF VAN PUNTE** | **KODE PUNT** |
|---|---|
| Getal feite korrek | **F = 7** |
| Taal | **T = 3** |
| **TOTAAL** | **10 Verwerk na 5** |

| **NIE VOLSINNE NIE** | **PENALISEER VAN TOTAAL** |
|---|---|
| 2 tot 3 hoofgedagtes nie in sinne nie | -2 |
| 4 en meer hoofgedagtes nie in sinne nie | -3 |

1. ʼn Kenmerk van verslawing is ontkenning.
2. Dit neem die verslaafde se hele lewe oor.
3. Sy/haar skoolwerk of werk gaan agteruit.
4. Hy/sy steel geld om dwelms te kry.
5. Die verslaafde se lewe word deur alkohol oorheers.
6. Die verslaafde het nie meer ʼn gesinslewe nie.
7. Hy/sy verloor beheer en beland in die tronk, inrigting of sterf. (10 ÷ 2) **[5]**

**Verwerk na 5 punte**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 3: FLIEKRESENSIE

3.1 rillers/gruwelfliek/grusame fliek (1)

3.2 Jy kan niks aan die saak doen nie./Daar is nie ŉ oplossing nie. (1)

3.3 Moenie aan die ergste geweld dink wat jy nog nooit gesien het nie. (1)

3.4 Byvoeglike bysin (1)

3.5 C – Byvoeglike naamwoord (1)

3.6 By ŉ kamer moet daar nooit agteruit ingeloop word nie. (1)

3.7 Die ouens en meisies ignoreer alle rillerwette (1)

3.8 resensent (1)

3.9 Die son skyn <u>fel</u>./Enige ander voorbeeld waar die woord gebruik word as **hewig, skerp heftig** of **sterk**. (1)

3.10 erg (1)
**[10]**

### VRAAG 4: STROKIESPRENT

4.1 D Woede **OF** B Bekommernis (Albei antwoorde kan aanvaar word, maar motivering in 4.2 moet in ag geneem word.) (1)

4.2 Die pa wys met sy hand.

**OF**

Hy lyk ernstig wanneer hy die kinders aanspreek.

**OF**

Hy staan konfronterend voor die kinders. (1)

4.3 Veeldadig/Jy kan meer as een ding op ŉ slag doen. (1)

4.4 Hoe kan julle konsentreer, <u>terwyl</u>/<u>as</u> die TV aan is? (1)

4.5 Die kinders lei hul pa om die bos deur voor te gee dat hulle terselfdertyd kan lees en televisie kyk. (2 x 1) (2)

4.6 4.6.1 samestellende afleiding (1)

4.6.2 Dit dui die meervoudsvorm aan. (1)

4.6.3 biblioteek – bepaler
boek – kern (2 x 1) (2)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

5.1 sosiale netwerke/sosiale media (1)

5.2 dolverlief/smoorverlief (1)

5.3 elektroniese pos (1)

5.4 Die meisie sê aan haar pa dat sy verlief is op ŉ ou wat ver weg van die huis is. (1)

5.5 saamgestelde sin (1)

5.6 wat (1)

5.7 Die internet is ŉ netwerk van netwerke: dit bestaan uit rekenaars en kabels. Op die internet het ŉ mens rekenaars; op die Wêreldwye Web het jy <u>dokumente</u>, klank en <u>video's</u>. Die Web bestaan as gevolg van <u>programme</u> wat <u>kommunikasie</u> tussen rekenaars op die internet moontlik maak. (4 x 1) (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 60**
**VERWERKTE TOTAAL: 30**